

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Dis ook maar Covid se skuld

Polispremies duurder oor onvoorsiene gebeure soos 'n wêreldwye pandemie

Oor die afgelope jaar het ek talle navrae van lesers gehad oor polispremies wat onverwags die hoogte ingeskiet het. Ek kyk vandag na die redes hiervoor.

Eers net 'n bietjie agtergrond. Risikodekking - lewens-, ongeskiktheids- en gevreesde-siekte dekking (om die drie grotes te noem) - werk op die beginsel dat jy 'n maandelikse of jaarlikse premie betaal wat jou sal verseker vir 'n bedrag geld sou 'n gebeurtenis jou tref - dood, ongeskiktheid of siekte.

Ons noem dit risikodekking, want dit is iets wat met jou gaan gebeur (sterfte) of kan gebeur (gevreesde siekte of ongeskiktheid). As jy geweet het wanneer was dit makliker om voorsiening daarvoor te maak, maar juis omdat jy nie weet of - of wanneer - nie, is dit 'n risiko. Dit het 'n finansiële gevolg óf vir jou óf jou naasbestandes.

Goed, dit van jou kant gesien. Van die versekeraar se kant gesien onderneem hy om vir jou die versekerde bedrag uit

te betaal in so 'n geval. Daarvoor vra hy 'n premie. Om die premie te bereken word onder meer gekyk na jou ouderdom en geslag (mans betaal hoër premies as vroue), jou algemene gesondheid, jou werkomstandighede, jou kwalifikasies en inkomste.

'n Verdere faktor in die bepaling van risiko vir die versekeraar is wat genoem word die eise-ervaring. Die aktuariese stel modelle op oor hoeveel mense sal (byvoorbeeld) doodgaan oor hoe 'n lang tydperk en doen dan die somme om seker te maak dat genoeg premies betaal word om die poliseise te kan dek. En steeds wins te maak, natuurlik.

Maar niemand kan alles voorsien nie en daarom word die premie net vir 'n tyd lank gewaarborg. Byvoorbeeld vir vyf jaar, tien jaar of selfs 99 jaar. Hoe langer die waarborg hoe hoër die premie, want die versekeraar stel homself bloot aan eise wat hy nie kon voorsien nie.

Dís hoekom

Dis bietjie van 'n lang verduideliking, maar dis belangrik om die vraag te beantwoord oor hoekom baie mense se premies op lewenspolisse onverwags die hoogte ingeskiet het. Die versekeraars se ervaring met sterfte-eise is veel hoër as wat verwag is. Die gevolg van die Covid-19-virus, wat niemand kon voorsien het nie, is 'n goeie voorbeeld.

Baie, en my inligting is dat dit sommer

baie meer is, mense sterf as wat amptelik aan die virus toegeskryf word. Kom ons gaan nie in op die redes nie.

Die meegaande grafiek van die Mediese Navorsingsraad (SAMNR) wys duidelik die verskil tussen die verwagte sterftes (alle oorsake) teenoor die werklike sterftes oor die afgelope jaar. En die rede hiervoor is duidelik, dis die gevolg van Covid-19, om meer as een rede.

Hoe ook, dit is die soort rede waarom jou premies sommer op 'n dag die hoogte kan inskiet. Al sê die versekeraar goed soos "Premies is lewenslank geprys". Dit raak so 'n bietjie aan boerebedrog, wat my betref, maar dis soos dit is.

Kom ons kyk nou na ander premiestygings. Eerstens is daar die gelykblywende premiestygings, wat belowe dat jou premie nie sal styg nie. Behalwe in gevalle soos ek hierbo verduidelik, as die versekeraar se eise-ervaring anders is as verwag. En dit is buite jou waarborg-periode. Dit is die ideale premiepatroon vir jong mense, want hulle kan hul lae premies "vasmaak" en hoop op 'n lang lewe sonder verhogings in premie.

Die volgende is 'n persentasiestyging per jaar. Byvoorbeeld, jou premie styg met 5% per jaar. Met dié een is ek nogal heel gemaklik, want jy begin met 'n laer premie as die gelykblywende premie en eers ná 'n paar jaar, so om tien jaar, haal jy die gelykblywende premie in, waarna jy begin meer betaal. Maar jou inkomste

groeï hopelik ook, so met hierdie opsie is ek heel gemaklik vir mense in hul middel- en later jare.

Dan is daar die ouerdomsverwante premiestyging. Dit begin heelwat laer as die vorige twee, maar ek is meesal nie gemaklik hiermee nie. Dit raak baie goue baie duur. As jou doel met die polis slegs vir 'n termyn is, kom ons sê jy wil skuld dek, dan maak dit soms sin, want jy betaal die laer premie en as die risiko (van skuld) weg is, staak jy die polis.

En dan is daar ander snaakse premiepatrone soos ouerdomsverwante stygings plus inflasie. Bly weg. Jy dink jy betaal goedkoper, maar later, dalk juis wanneer jy die dekking op sy nodigste het, kan jy dit nie meer bekostig nie.


Maak dus baie seker jy verstaan die premie op jou polis. Lees jou kontrak. As jou premie by een versekeraar baie laer is as by 'n ander, lees daardie kontrak 'n paar keer. Die feit is, almal ding mee in dieselfde mark met die dieselfde risiko's en as een se premie veel laer is, is die kans goed daar lê 'n premieslang in die dekkingsgras.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.

Weeklikse sterftes in Suid-Afrika

Sterftes van 1 Januarie tot 8 Desember 2020, alle oorsake ingesluit.

STERFTES



Bron: SAMNR

THEUNS KRUGER, Grafika24